

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 582 Cape Town, 10 December 2013 **No. 37148**
Kaapstad,

THE PRESIDENCY

No. 996 10 December 2013

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 28 of 2013: Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013

DIE PRESIDENSIE

No. 996 10 Desember 2013

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 28 van 2013: Wysigingswet op Intellektuele Eindomsreg, 2013

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

 Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 9 December 2013)

ACT

To provide for the recognition and protection of certain manifestations of indigenous knowledge as a species of intellectual property; to this end to amend certain laws so as to provide for the protection of relevant manifestations of indigenous knowledge as a species of intellectual property, namely—

- the Performers' Protection Act, 1967, to provide for the recognition and protection of performances of traditional works;
- the Copyright Act, 1978, to provide for the recognition and protection of indigenous works; to provide for the establishment of a National Council in respect of indigenous knowledge; to provide for National Databases for recording indigenous knowledge and to provide for the recording of indigenous works; and to provide for the establishment of a National Trust Fund for Indigenous Knowledge;
- the Trade Marks Act, 1993, to provide for the recognition of indigenous terms and expressions and for the registration of such terms and expressions as trade marks; to create for this purpose a further part of the trade marks register; to provide for the recording of indigenous terms and expressions; and to provide for further protection of geographical indications;
- the Designs Act, 1993, to provide for the recognition and registration of indigenous designs; to create for this purpose a further part of the designs register; and
- to introduce statutory provisions to provide for the establishment of a National Council in respect of indigenous knowledge, a National Database for the recording of indigenous knowledge and a National Trust and Trust Fund for purposes of indigenous knowledge;

and to provide for matters incidental thereto.

PREAMBLE

WHEREAS it is important, in order to give effect to the recognition of cultural values and the freedom to participate in cultural activities as contemplated in sections 30 and 31 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, that the wealth of indigenous knowledge held by the indigenous people of South Africa be recognised, preserved, protected and promoted and made accessible to the public; and

WHEREAS it is necessary to recognise indigenous knowledge as a valuable economic as well as a cultural resource, and therefore to create a legal dispensation for the commercial exploitation of indigenous knowledge in a manner that will benefit

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit
bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande
verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 9 Desember 2013)

WET

Om voorsiening te maak vir die erkenning en beskerming van sekere manifestasies van inheemse kennis as 'n onderafdeling van intellektuele eiendom; vir dié doel sekere wette te wysig om voorsiening te maak vir die beskerming van toepaslike manifestasies van inheemse kennis as 'n besondere saak van intellektuele eiendom, naamlik—

- die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967, ten einde voorsiening te maak vir die erkenning en beskerming van uitvoerings van tradisionele werke;
- die Wet op Outeursreg, 1978, ten einde voorsiening te maak vir die erkenning en beskerming van inheemse werke; voorsiening te maak vir die instelling van 'n Nasionale Raad ten opsigte van inheemse kennis; voorsiening te maak vir Nasionale Databasisse vir die boekstaving van inheemse kennis en voorsiening te maak vir die boekstaving van inheemse werke; en om voorsiening te maak vir die instelling van 'n Nasionale Trustfonds vir Inheemse Kennis;
- die Wet op Handelsmerke, 1993, ten einde voorsiening te maak vir die erkenning van inheemse terme en uitdrukkings en vir die registrasie van sodanige terme en uitdrukkings as handelsmerke; vir hierdie doel 'n verdere deel van die handelsmerkregister te skep; voorsiening te maak vir die boekstaving van inheemse terme en uitdrukkings; en om voorsiening te maak vir verdere beskerming van geografiese aanduidings;
- die Wet op Modelle, 1993, ten einde voorsiening te maak vir die erkenning en registrasie van inheemse modelle; om vir hierdie doel nog 'n deel van die modelregister te skep; en
- om wetsbepalings in te stel om voorsiening te maak vir die instelling van 'n Nasionale Raad ten opsigte van inheemse kennis, 'n Nasionale Databasis vir die boekstaving van inheemse kennis, en 'n Nasionale Trust en Trustfonds vir doeleindes van inheemse kennis;

en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

AANHEF

NADEMAAL dit belangrik is, ten einde uitvoering te gee aan die erkenning van kulturele waardes en die vryheid om aan kulturele aktiwiteite deel te neem soos beoog in artikels 30 en 31 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, sodat die rykdom van inheemse kennis van die inheemse mense van Suid-Afrika erken, bewaar, beskerm, bevorder en toeganklik vir die publiek gemaak word; en

NADEMAAL dit nodig is om inheemse kennis as 'n waardevolle ekonomiese asook 'n kulturele hulpbron te erken, en dus om 'n wetsbedeling te skep vir die kommersiële

the country and will ensure that fair financial benefits will also be received by indigenous communities and persons; and

WHEREAS principles have been agreed upon by international bodies, amongst others the World Trade Organisation and the United Nations, confirming that indigenous knowledge should be recognised and protected by appropriate legal instruments, on national level as well as internationally; and

WHEREAS indigenous knowledge includes works, terms, expressions and designs, which are the outcome of the creative ability of the human mind and in that context has aspects which constitute types of intellectual property, so that the intellectual property laws of the country may be used as the legal dispensation and legal tool to provide protection for these appropriate manifestations of indigenous knowledge; and

WHEREAS certain manifestations of indigenous knowledge have already been recognised and protected by the Patents Amendment Act, 2005, and certain further manifestations of indigenous knowledge are to be protected by way of this legislation, appropriate amendments are required to be made to the Performers' Protection Act, 1967, the Copyright Act, 1978, the Trade Marks Act, 1993, and the Designs Act, 1993,

BE IT THEREFORE ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:

Amendment of section 1 of Act 11 of 1967, as amended by section 19 of Act 38 of 1997 and section 1 of Act 8 of 2002

1. Section 1 of the Performers' Protection Act, 1967 (Act No.11 of 1967), is hereby amended—

(a) by the insertion in subsection (1) before the definition of "broadcasting" of the following definition:

" 'artistic works' have the meaning assigned to it in the Copyright Act in so far as such works are capable of being performed, and include musical, dramatic, dramatico-musical works and traditional works;";

(b) by the insertion in subsection (1) after the definition of "broadcaster" of the following definition:

" 'cinematograph film' means any fixation of images, or of images and sounds, of a performance with or without other images or sounds;";

(c) by the insertion in subsection (1) after the definition of "collecting society" of the following definitions:

" 'Commission' means the Commission established in terms of section 185 of the Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008);

'Copyright Act' means the Copyright Act, 1978 (Act No. 98 of 1978);

'Council' means the National Council for Indigenous Knowledge as defined in section 1 of the Copyright Act;

'dramatic works' have the meaning assigned to it in the Copyright Act in so far as such works are capable of being performed, and include musical, dramatic, dramatico-musical works and traditional works;";

(d) by the substitution in subsection (1) for the definition of "fixation" of the following definition:

" 'fixation' includes storage of—

(a) sounds or images or both sounds and images; or

(b) data or signals representing sounds or images or both sounds and images,

in any manner or on any medium so as to be capable of being reproduced or performed;";

(e) by the insertion in subsection (1) after the definition of "fixation" of the following definitions:

" 'literary works' have the meaning assigned to it in the Copyright Act in so far as such works are capable of being performed, and include musical, dramatic, dramatico-musical works and traditional works;

'musical works' have the meaning assigned to it in the Copyright Act in so far as such works are capable of being performed, and include musical, dramatic, dramatico-musical works and traditional works;";

ontginning van inheemse kennis op 'n wyse wat voordelig vir die land is en wat sal verseker dat billike finansiële voordele ook deur die inheemse gemeenskappe en persone ontvang sal word; en

NADEMAAL internasionale liggame, onder andere die Wêreldhandelsorganisasie en die Verenigde Nasies, ooreengekom het op beginsels wat bevestig dat inheemse kennis deur gepaste regsinstrumente erken en beskerm moet word, op nasionale vlak asook internasionaal; en

NADEMAAL inheemse kennis werke, terme, uitdrukkings en modelle insluit wat die uitkoms van die kreatiewe vermoë van die mens se brein is en in daardie samehang aspekte het wat soorte intellektuele eiendom daarstel, sodat die wette op intellektuele eiendom van die land as die regsbedeling en regs gereedskap gebruik kan word om beskerming vir hierdie gepaste manifestasies van inheemse kennis te bied; en

NADEMAAL sekere manifestasies van inheemse kennis reeds deur die Wysigingswet op Patente, 2005, erken en beskerm word en sekere verdere manifestasies van inheemse kennis deur hierdie wetgewing beskerm staan te word, en gepaste wysigings aan die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967, die Wet op Outeursreg, 1978, die Wet op Handelsmerke, 1993, en die Wet op Modelle, 1993, aangebring moet word,

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 11 van 1967, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 38 van 1997 en artikel 1 van Wet 8 van 2002

1. Artikel 1 van die Wet op Beskerming van Voordraers, 1967 (Wet No. 11 van 1967), 5
word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) voor die omskrywing van “fonogram” die volgende omskrywings in te voeg:

“**‘artistieke werke’** dit wat in die Wet op Outeursreg daaraan 10
toegeskrif word vir sover as sodanige werke uitgevoer kan word, en sluit
musiek-, dramatiese, dramaties-musikale werke en tradisionele werke in;
‘dramatiese werke’ dit wat in die Wet op Outeursreg daaraan toegeken
is vir sover sodanige werke uitgevoer kan word, en sluit musiek-,
dramatiese, dramaties-musikale werke en tradisionele werke in;”;

(b) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “insamelingsvereniging” die 15
volgende omskrywing in te voeg:

“**‘Kommissie’** die Kommissie ingestel ingevolge artikel 185 van die
Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

(c) deur in subartikel (1) die omskrywing van “letterkundige en artistieke werke” 20
te skrap;

(d) deur in subartikel (1) voor die omskrywing van “reproduksie” die volgende
omskrywings in te voeg:

“**‘letterkundige werke’** dit wat in die Wet op Outeursreg daaraan
toegeskrif is vir sover sodanige werke uitgevoer kan word, en sluit 25
musiek-, dramatiese, dramaties-musikale en tradisionele werke in;
‘musiekwerke’ dit wat in die Wet op Outeursreg daaraan toegeskrif is
vir sover sodanige werke uitgevoer kan word, en sluit musiek-,
dramatiese, dramaties-musikale werke en tradisionele werke in;
‘Raad’ die Nasionale Raad vir Inheemse Kennis soos omskrif in
artikel 1 van die Wet op Outeursreg;”;

(e) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “reproduksie” die volgende
omskrywings in te voeg:

“**‘rolprent’** enige vaslegging van beelde, of van beelde en klanke, van
'n uitvoering met of sonder ander beelde of klanke;
‘tradisionele werk’ dit wat in die Wet op Outeursreg daaraan toegeskrif 35
is, en ook uitdrukkings van volksoorlewing;”;

- (f) by the deletion in subsection (1) of the definition of “literary and artistic works”;
- (g) by the insertion in subsection (1) after the definition of “literary and artistic works” of the following definition:
- “**‘performance’** includes any mode of visual or acoustic presentation of a literary work, musical work, artistic work, dramatic work or work of joint authorship including acting, singing, delivering, declaiming, playing or otherwise performing such work, and includes any such presentation by the operation of a loudspeaker, but excluding such performance by the use of a phonogram, a radio, television, diffusion receiver, by the exhibition of a cinematograph film, by the use of a record, broadcasting, rebroadcasting or transmission in a diffusion service, and **‘perform’** has a corresponding meaning;”;
- (h) by the substitution in subsection (1) for the definition of “performer” of the following definition:
- “**‘performer’** means an actor, singer, musician, dancer or other person who acts, sings, delivers, declaims, plays in or otherwise performs, literary works, musical works, [or] artistic works, dramatic works or works of joint authorship;”;
- (i) by the insertion in subsection (1) after the definition of “phonogram” of the following definition:
- “**‘prescribe’** means prescribe by regulation in terms of this Act, and **‘prescribed’** has a corresponding meaning;”;
- (j) by the addition in subsection (1) after the definition of “reproduction” of the following definitions:
- “**‘traditional work’** has the meaning assigned to it in the Copyright Act, and includes expressions of folklore;
‘works of joint authorship’ have the meaning assigned to it in the Copyright Act in so far as such works are capable of being performed, and include musical, dramatic, dramatico-musical works and traditional works;”;
- (k) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
- “(2) Except in so far as the context otherwise requires, any reference in this Act to the doing of an act in relation to a performance, including a performance of a traditional work, a fixation of a performance or a reproduction of such a fixation, shall be taken to include a reference to the doing of that act in relation to a substantial part of the performance, the fixation or the reproduction, as the case may be.”.

Insertion of sections 8A, 8B, 8C and 8D in Act 11 of 1967

2. The following sections are hereby inserted in the Performers’ Protection Act, 1967 (Act No. 11 of 1967), after section 8:

“Application to performance of traditional work

8A. (1) Subject to the provisions of this section, sections 8B, 8C and 8D the provisions of this Act shall, except in so far as is otherwise provided in the said sections, and in so far as they can be applied, apply to a performance of a traditional work.

(2) Nothing in the sections contemplated in subsection (1) shall be construed as conferring any rights to any person in respect of intellectual property which is not a performance of a traditional work.

- (f) deur in subartikel (1) voor die omskrywing van “vaslegging” die volgende omskrywing in te voeg:
- “**‘uitvoering’** ook enige wyse van visuele of akoestiese aanbieding van ’n letterkundige werk, musiekwerk, artistieke werk, dramatiese werk of werk van gesamentlike outeurskap, ook om die werk deur toneelspel, sang, lewering, voordrag, bespeling of uitvoering op enige ander wyse aan te bied, en sluit die uitvoering daarvan deur die gebruik van ’n luidspreker in, maar nie die uitvoering daarvan met ’n fonogram, of ’n radio, televisie, diffusie-ontvanger, of deur die vertoon van ’n rolprent, deur die gebruik van ’n opname, uitsending, heruitsending of verspreiding in ’n diffusiediens nie, en het **‘uitvoer’** ’n ooreenstemmende betekenis;”;
- (g) deur in subartikel (1) die omskrywing van “vaslegging” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**‘vaslegging’** ook die berging van—
- (a) klanke of beelde of beide klanke en beelde; of
- (b) data of seine wat klanke of beelde of beide klanke en beelde verteenwoordig,
- op enige wyse of in enige medium sodat die reproduksie of uitvoering daarvan moontlik is;”;
- (h) deur in subartikel (1) die omskrywing van “voordraer” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**‘voordraer’** ’n akteur, sanger, musikant, danser of ander persoon wat letterkundige werke, musiekwerke, [of] artistieke werke, dramatiese werke of werke van gesamentlike outeurskap voordra, sing, lewer of opsê of daarin speel of dit andersins uitvoer;”;
- (i) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “voordraer” die volgende omskrywings in te voeg:
- “**‘voorskryf’** ingevolge hierdie Wet by regulasie voorskryf en het **‘voorgeskryf’** ’n ooreenstemmende betekenis;”;
- ‘werke van gesamentlike outeurskap’** dit wat in die Wet op Outeursreg daaraan toegeskryf word, vir sover as wat sodanige werke uitgevoer kan word en ook musiek-, dramatiese, dramaties-musikale en tradisionele werke;
- ‘Wet op Outeursreg’** die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978);”;
- (j) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(2) Behalwe vir sover die samehang anders vereis, word ’n verwysing in hierdie Wet na die doen van ’n handeling met betrekking tot ’n uitvoering, met inbegrip van ’n uitvoering van ’n tradisionele werk, ’n vaslegging van ’n uitvoering of ’n reproduksie van so ’n vaslegging, uitgelê as ’n verwysing ook na die doen van daardie handeling met betrekking tot ’n aansienlike deel van die uitvoering, die vaslegging of die reproduksie, na gelang van die geval.”.

Invoeging van artikels 8A, 8B, 8C en 8D in Wet 11 van 1967

2. Die volgende artikels word hierby na artikel 8 in die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967 (Wet No. 11 van 1967), ingevoeg:

“Toepassing op uitvoering van tradisionele werk

- 8A.** (1) Behoudens die bepalings van artikel 8B, 8C en 8D is die bepalings van hierdie Wet, buiten vir sover anders in die genoemde artikels bepaal word, en vir sover dit toegepas kan word, van toepassing op ’n uitvoering van ’n tradisionele werk.
- (2) Niks in die artikels in subartikel (1) beoog word geag enige regte te verleen aan ’n persoon ten opsigte van intellektuele eiendom wat nie ’n uitvoering van ’n tradisionele werk is nie.

Disputes

8B. (1) The Commission must accredit certain institutions which have the necessary capacity, to adjudicate any dispute arising from the application of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013.

(2) Any dispute arising from the application of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, must first be instituted in an institution accredited as contemplated in subsection (1).

(3) No person appearing in proceedings before an institution contemplated in subsection (1) shall have the right to legal representation unless —

(a) the adjudicator and all other parties consent; or

(b) the adjudicator, after considering—

(i) the nature of the questions of law raised by the dispute;

(ii) the relative complexity and importance of the dispute; and

(iii) the comparative ability of the parties to represent themselves in the adjudication,

concludes that it would be unreasonable to expect a party to deal with the adjudication without legal representation.

(4) Any adjudication must take into account existing customary dispute resolution mechanisms.

(5) The decision of the institution referred to in subsection (1) may be served, executed and enforced as if it was an order of the High Court.

(6) Any party to proceedings before an institution referred to in subsection (1) may appeal to a court of law against any decision of such institution, and the appeal must be noted and dealt with in the manner prescribed by law for appeals against a civil order or decision of a single judge.

(7) The Minister shall prescribe the fees, processes and formalities relating to the institution and adjudication of dispute resolution proceedings.

Council

8C. (1) The Council shall function as the Council for performances of traditional works under this Act.

(2) When a performance of a traditional work is performed by several performers as a group, as contemplated in section 6, the Council shall, in the absence of another specifically designated authority, function and be regulated as the authority contemplated in section 6.

Regulations and guidelines

8D. (1) The Minister may, after consultation with the Council, make regulations—

(a) providing for the fees, processes and formalities related to the institution of dispute resolution proceedings set out in section 8B; or

(b) as to any matter required or permitted by this Act to be prescribed.

(2) The Minister may issue guidelines on any aspect of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, including—

(a) protection of the performance of a traditional work;

(b) the Council, in so far as it relates to the performance of a traditional work; and

(c) the dispute resolution process set out in section 8B.”.

Amendment of section 1 of Act 98 of 1978, as amended by section 1 of Act 66 of 1983, section 1 of Act 52 of 1984, section 1 of Act 13 of 1988, section 1 of Act 125 of 1992, section 50 of Act 38 of 1997 and section 1 of Act 9 of 2002

3. Section 1 of the Copyright Act, 1978 (Act No. 98 of 1978), is hereby amended—

Geskille

- 8B.** (1) Die Kommissie moet sekere instellings akkrediteer wat die nodige kapasiteit het om enige geskil te bereg wat ontstaan uit die toepassing van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013.
- (2) 'n Geskil wat ontstaan uit die toepassing van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, moet eers by 'n instelling wat soos in subartikel (1) beoog geakkrediteer is, ingestel word. 5
- (3) Geen persoon wat in verrigtinge voor 'n instelling in subartikel (1) beoog verskyn is geregtig op regsverteenvoordinging nie, tensy—
- (a) die beregter en alle ander partye instem; of 10
- (b) die beregter, na oorweging van—
- (i) die aard van die regsrae wat uit die geskil na vore kom;
- (ii) die relatiewe ingewikkeldheid en gewig van die geskil; en
- (iii) die betreklike vermoë van die partye om hulself in die beregting te verteenwoordig, 15
- tot die slotsom kom dat dit onredelik sal wees om van 'n party te verwag om die beregting sonder regsverteenvoordinging te hanteer.
- (4) Enige beregting moet bestaande gewoontereg-geskilbeslegtingsmeganismes in ag neem.
- (5) Die beslissing van die instelling in subartikel (1) bedoel, kan beteken, uitgevoer en toegepas word asof dit 'n bevel van die Hoë Hof is. 20
- (6) 'n Party in verrigtinge voor 'n instelling in subartikel (1) bedoel, kan by 'n geregshof appèl aanteken teen enige beslissing van sodanige instelling, en die appèl moet aangeteken en hanteer word op die wyse soos wetlik voorgeskryf vir appèle teen 'n siviele bevel of besluit van 'n enkele regter. 25
- (7) Die Minister skryf die gelde, prosesse en formaliteite voor in verband met die instelling en beregting van geskilbeslegtingsprosedures.

Raad

- 8C.** (1) Die Raad funksioneer as die Raad vir uitvoerings van tradisionele werke kragtens hierdie Wet. 30
- (2) Wanneer 'n uitvoering van 'n tradisionele werk deur verskeie voordraers as 'n groep uitgevoer word, soos in artikel 6 beoog, funksioneer die Raad, by ontstentenis aan 'n ander spesifiek aangewese gesag, as die in artikel 6 beoogde gesag en word as sodanig gereguleer. 35

Regulasies en riglyne

- 8D.** (1) Die Minister kan, na oorleg met die Raad, regulasies uitvaardig—
- (a) wat voorsiening maak vir die gelde, prosesse en formaliteite in verband met die instelling van geskilbeslegtingsverrigtinge in artikel 8B uiteengesit; of 40
- (b) aangaande enige saak wat hierdie Wet vereis of toelaat om voorgeskryf te word.
- (2) Die Minister kan riglyne uitreik oor enige aspek van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, met inbegrip van— 45
- (a) beskerming van die uitvoering van 'n tradisionele werk;
- (b) die Raad, vir sover dit betrekking het op die uitvoering van 'n tradisionele werk; en
- (c) die geskilbeslegtingsproses soos in artikel 8B uiteengesit.”.

Wysiging van artikel 1 van Wet 98 van 1978, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 66 van 1983, artikel 1 van Wet 52 van 1984, artikel 1 van Wet 13 van 1988, artikel 1 van Wet 125 van 1992, artikel 50 van Wet 38 van 1997 en artikel 1 van Wet 9 van 2002 50

3. Artikel 1 van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978), word hierby gewysig— 55

- (a) by the addition to the definition of “author” of the following paragraphs after paragraph (i):
- “(j) a derivative indigenous work, means the person who first made or created the work, a substantial part of which was derived from an indigenous work; and
 - (k) an indigenous work, means the indigenous community from which the work originated and acquired its traditional character;”;
- (b) by the substitution in subsection (1) for the definition of “collecting society” of the following definition:
- “**‘collecting society’** means a [collecting] society [established under] created by this Act, or agreement and which amongst others—
- (a) manages matters related to rights in copyright works;
 - (b) negotiates for, and collects royalties and benefits on behalf of its members; and
 - (c) distributes royalties and benefits to copyright owners;”;
- (c) by the insertion in subsection (1) after the definition of “collecting society” of the following definitions:
- “**‘Commission’** means the Commission established in terms of section 185 of the Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008);
- ‘community protocol’** means a protocol developed by an indigenous community that describes the structure of the indigenous community and its claims to indigenous cultural expressions or knowledge and indigenous works, and provides procedures for prospective users of such indigenous cultural expressions or knowledge or indigenous works, to seek the community’s prior informed consent, negotiate mutually agreed terms and benefit-sharing agreements;”;
- (d) by the insertion in subsection (1) after the definition of “copyright” of the following definition:
- “**‘Council’** means the National Council for Indigenous Knowledge contemplated in section 28L;”;
- (e) by the insertion in subsection (1) after the definition of “country” of the following definitions:
- “**‘database’** means the National Database for Indigenous Knowledge contemplated in section 28C;
- ‘derivative indigenous work’** means any work forming the subject of this Act, applied to any form of indigenous work recognised by an indigenous community as having an indigenous or traditional origin, and a substantial part of which, was derived from indigenous cultural expressions or knowledge irrespective of whether such derivative indigenous work was derived before or after the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013;”;
- (f) by the insertion in subsection (1) after the definition of “exclusive licence” of the following definitions:
- “**‘Fund’** means the National Trust Fund for Indigenous Knowledge established in terms of section 28I;
- ‘indigenous community’** means any recognisable community of people originated in or historically settled in a geographic area or areas located within the borders of the Republic, as such borders existed at the date of commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, characterised by social, cultural and economic conditions which distinguish them from other sections of the national community, and who identify themselves and are recognised by other groups as a distinct collective;
- ‘indigenous cultural expressions or knowledge’** means any form, tangible or intangible, or a combination thereof, in which traditional culture and knowledge are embodied, passed on between generations, and tangible or intangible forms of creativity of indigenous communities, including, but not limited to—
- (a) phonetic or verbal expressions, such as stories, epics, legends, poetry, riddles and other narratives, words, signs, names or symbols;
 - (b) musical or sound expressions, such as songs, rhythms, or instrumental music, the sounds which are the expression of rituals;

- (a) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “aanwending” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘afgeleide inheemse werk’** enige werk wat die onderwerp van hierdie Wet uitmaak, aangewend op enige vorm van inheemse werk erken deur ’n inheemse gemeenskap as van inheemse of tradisionele oorsprong, en waarvan ’n wesenlike deel afgelei is van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis ongeag of sodanige afgeleide inheemse werk afgelei is voor of na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013;”;
- (b) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “bevoegde persoon” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘databasis’** die Nasionale Databasis vir Inheemse Kennis in artikel 28C beoog;”;
- (c) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “dramatiese werk” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘Fonds’** die Nasionale Trustfonds vir Inheemse Kennis ingevolge artikel 28I ingestel;”;
- (d) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “gebou” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘gemeenskapsprotokol’** ’n protokol deur ’n inheemse gemeenskap ontwikkel wat die struktuur van ’n inheemse gemeenskap en sy aansprake op inheemse kulturele uitdrukkings of kennis en inheemse werke beskryf, en wat voorsiening maak vir prosedures vir voornemende gebruikers van sodanige inheemse kulturele uitdrukkings of kennis of inheemse werke om die gemeenskap se vooraf-ingeligte instemming te kry, en om onderling ooreengekome terme en voordeeldelingsooreenkomste te beding;”;
- (e) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “hierdie Wet” die volgende omskrywings in te voeg:
“**‘inheemse gemeenskap’** enige herkenbare gemeenskap van mense van oorsprong uit of histories gevestig in ’n geografiese area of areas binne die grense van die Republiek soos sodanige grense op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, bestaan, gekenmerk deur sosiale, kulturele en ekonomiese omstandighede wat hulle onderskei van ander afdelings van die nasionale gemeenskap, wat hulself identifiseer as, en deur ander groepe erken word as, ’n afsonderlike kollektief;
‘inheemse kulturele uitdrukkings of kennis’ enige vorm, tasbaar of ontasbaar of ’n kombinasie daarvan, waarin tradisionele kultuur en kennis beliggaam is, oorgelewer tussen geslagte, en tasbare of ontasbare vorms van kreatiwiteit van inheemse gemeenskappe, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot—
(a) fonetiese of mondelinge uitdrukkings, soos stories, heldedigte, legendes, poësie, raaisels en ander vertellings, woorde, tekens, name of simbole;
(b) musiek- of klankuitdrukkings, soos liederes, ritmes of instrumentele musiek, waarvan die klanke die uitdrukking van rituele is; en
(c) uitdrukkings deur aksie, soos danse, konserte, seremonies, rituele, uitdrukkings van spiritualiteit of geloof, sport, tradisionele spele, poppekaste, en ander uitvoerings, hetsy vasgelê of nie vasgelê nie; en
(d) tasbare uitdrukkings, soos wesenlike uitdrukkings van kuns, kunsvlyt, argitektuur, of tasbare spirituele vorms, of uitdrukkings van heilige plekke;
‘inheemse werk’ ’n letterkundige, artistieke of musiekwerk met ’n inheemse of tradisionele oorsprong, ook inheemse kulturele uitdrukkings of kennis wat geskep is deur persone wat lede, tans of histories, van ’n inheemse gemeenskap is of was en welke letterkundige, artistieke of musiekwerk as deel van die kulturele erfenis van sodanige inheemse gemeenskap beskou word;”;

- (c) expressions by action, such as dances, plays, ceremonies, rituals, expressions of spirituality or religion, sports, traditional games, puppet performances, and other performances, whether fixed or unfixed; or
- (d) tangible expressions, such as material expressions of art, handicrafts, architecture, or tangible spiritual forms, or expressions of sacred places; 5
- ‘indigenous work’** means a literary, artistic or musical work with an indigenous or traditional origin, including indigenous cultural expressions or knowledge which was created by persons who are or were members, currently or historically, of an indigenous community and which literary, artistic or musical work is regarded as part of the heritage of such indigenous community;” 10
- (g) by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the definition of “infringing copy” of the following paragraph: 15
 - “(a) a literary, musical or artistic work or a published edition or a traditional work, means a copy thereof;”;
- (h) by the insertion after the definition of “musical work” of the following definition: 20
 - “**‘National Trust’** means the National Trust for Indigenous Knowledge established by section 28I;”;
- (i) by the substitution in subsection (1) for paragraphs (a) and (b) of the definition of “reproduction” of the following paragraphs respectively: 25
 - “(a) a literary or musical work or a broadcast or a traditional work, includes a reproduction in the form of a record or a cinematograph film; 25
 - (b) an artistic work or a traditional work, includes a version produced by converting the work into a three-dimensional form or, if it is three-dimensions, by converting it into a two-dimensional form; and”; 30
- (j) by the addition in subsection (1) after the definition of “this Act” of the following definition: 30
 - “**‘traditional work’** includes a derivative indigenous work and an indigenous work;”;
- (k) by the substitution in subsection (1) for the definition of “work” of the following definition: 35
 - “**‘work’** means— 40
 - (a) a work as contemplated in section 2; and
 - (b) for purposes of this Act, a traditional work and indigenous cultural expressions or knowledge as contemplated in this Act;”.

Insertion of Chapter 2A in Act 98 of 1978

4. The following chapter is hereby inserted in the Copyright Act, 1978 (Act No. 98 of 1978), after section 28:

“CHAPTER 2A

COPYRIGHT IN TRADITIONAL WORKS 45

“Application to traditional works

28A. (1) Subject to the provisions of this chapter, the provisions of this Act shall, except in so far as is otherwise provided in the said chapter, and in so far as they can be applied, apply to traditional works.

- (f) deur in subartikel (1) die omskrywing van “insamelingsvereniging” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘insamelingsvereniging’** ’n [**insamelingsvereniging kragtens**] vereniging deur hierdie Wet [ingestel], of ooreenkoms geskep en wat onder andere—
(a) sake betreffende regte in outeursregwerke bestuur;
(b) tantième en voordele namens sy lede onderhandel en insamel; en
(c) tantième en voordele aan outeursregeienaars versprei;”;
- (g) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “klankopname” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘Kommissie’** die Kommissie ingestel ingevolge artikel 185 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);”;
- (h) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “musiekwerk” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘Nasionale Trust’** beteken die Nasionale Trust vir Inheemse Kennis deur artikel 28I ingestel;”;
- (i) deur in die omskrywing van “outeur” die volgende paragraawe na paragraaf (i) in te voeg:
(j) ’n afgeleide inheemse werk, die persoon wat die werk eerste gemaak of geskep het, waarvan ’n wesenlike deel van ’n inheemse werk afgelei is; en
(k) ’n inheemse werk, die inheemse gemeenskap waaruit die werk van oorsprong is en sy tradisionele karakter gekry het;”;
- (j) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “programdraende-sein” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘Raad’** die Nasionale Raad vir Inheemse Kennis in artikel 28L beoog;”;
- (k) deur in subartikel (1) paragraawe (a) en (b) van die omskrywing van “reproduksie” deur onderskeidelik die volgende paragraawe te vervang:
“(a) ’n letterkundige of musiekwerk of ’n uitsending of ’n tradisionele werk, ook ’n reproduksie in die vorm van ’n opname of ’n rolprent;
(b) ’n artistieke werk of ’n tradisionele werk, ook ’n weergawe voortgebring deur die werk in driedimensionele vorm of, indien dit in drie dimensies is, in tweedimensionele vorm te omskep;”;
- (l) deur in subartikel (1) paragraaf (a) van die omskrywing van “skendende kopie” deur die volgende paragraaf te vervang:
“(a) ’n letterkundige, musiek- of kunswerk of ’n gepubliseerde uitgawe of ’n tradisionele werk, ’n kopie daarvan;”;
- (m) deur in artikel (1) na die omskrywing van “toekomstige eienaar” die volgende omskrywings in te voeg:
“**‘tradisionele werk’** ook afgeleide inheemse werk en ’n oorgeërfde inheemse werk;”;
- (n) deur in subartikel (1) die omskrywing van “werk” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘werk’—**
(a) ’n werk soos beoog in artikel 2; en
(b) by die toepassing van hierdie Wet, ’n tradisionele werk en inheemse kulturele uitdrukkings of kennis soos beoog in hierdie Wet;”.

Invoeging van Hoofstuk 2A in Wet 98 van 1978

4. Die volgende hoofstuk en artikels word hierby in die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978), na artikel 28 ingevoeg:

“HOOFSTUK 2A

OUTEURSREG IN TRADISIONELE WERKE

Toepassing op tradisionele werke

28A. (1) Behoudens die bepalings van hoofstuk 2A, is die bepalings van hierdie Wet, behalwe vir sover dit anders bepaal word in die genoemde hoofstuk, en vir sover dit toegepas kan word, van toepassing op tradisionele werke.

(2) Nothing in this chapter shall be construed as conferring any rights on any person in respect of intellectual property which is not a traditional work.

Traditional works eligible for copyright

28B. (1) Subject to the provisions of this Act, traditional works shall be eligible for copyright. 5

(2) Notwithstanding section 2(2), a traditional work shall not be eligible for copyright unless it has been written down, recorded, represented in digital data or signals, or otherwise reduced to a material form or is capable of substantiation from the collective memory of the relevant indigenous community. 10

(3) Copyright shall be conferred on a traditional work only if—
(a) the traditional work is a derivative indigenous work and was created on or after the date of commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, and the indigenous community from which the work, or a substantial part thereof originated, is or was an indigenous community when the work was created; or 15
(b) the traditional work is an indigenous work.

(4) No right in a derivative indigenous work provided for in the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, shall be eligible for registration unless— 20

(a) prior informed consent has been obtained from the relevant authority or indigenous community;
(b) disclosure of the indigenous cultural expressions or knowledge have been made to the Commission; and 25
(c) a benefit-sharing agreement between the applicant and the relevant authority or indigenous community has been concluded.

(5) If an indigenous community has established a community protocol, the interaction with the indigenous community contemplated in subsection (4) must take such community protocol into account. 30

National Database

28C. (1) There shall be kept in the prescribed manner, at the offices of the registrars of patents, copyright, trade marks and designs, databases for indigenous knowledge as part of existing intellectual property registers, where applicable. 35

(2) The databases contemplated in subsection (1) shall form subsections of existing intellectual property registers and shall incorporate separate sections for the recording of information on different manifestations of indigenous cultural expressions or knowledge, as contemplated in subsection (3). 40

(3) All information submitted to the registrar regarding manifestations of indigenous cultural expressions or knowledge shall be recorded in the databases in the appropriate sections in the prescribed manner.

(4) Registration in respect of a traditional work shall be for the purposes of recordal of ownership and identification of representation within an indigenous community. 45

(5) The databases may be kept in an electronic format, and shall be open for inspection by the public during office hours, upon payment of the prescribed fee.

(6) The registrars of patents, copyright, trade marks and designs may request any relevant person to provide them with such information or advice as they may require in order to assess a request for recording as contemplated in subsection (7), or to maintain the databases. 50

(7) Any—
(a) person who is an author; 55
(b) person authorised to act on behalf of an author; or
(c) person appointed by the Minister in the manner prescribed, to act on behalf of an indigenous community which is no longer in existence,

(2) Niks in hierdie hoofstuk word uitgelê dat dit enige regte verleen aan 'n persoon ten opsigte van intellektuele eiendom wat nie 'n tradisionele werk is nie.

Tradisionele werke geskik vir outeursreg

28B. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kom tradisionele werke in aanmerking vir outeursreg. 5

(2) Ondanks artikel 2(2), kom 'n tradisionele werk nie vir outeursreg in aanmerking nie tensy die werk op skrif gestel is, opgeneem is, in digitale data of seine verteenwoordig is, of andersins tot stoflike vorm herlei is of vanuit die kollektiewe geheue van die betrokke inheemse gemeenskap gestaaf kan word. 10

(3) Outeursreg word slegs aan 'n tradisionele werk verleen indien—
(a) die tradisionele werk 'n afgeleide inheemse werk is en geskep is op of na die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, en die inheemse gemeenskap waaruit die werk of 'n wesenlike deel daarvan van oorsprong is 'n inheemse gemeenskap is of was toe die werk geskep is; of 15
(b) die tradisionele werk 'n inheemse werk is.

(4) Geen reg in 'n afgeleide inheemse werk waarvoor in die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, voorsiening gemaak is, kom in aanmerking vir registrasie nie, tensy— 20

(a) vooraf-ingeligte instemming verkry is van die betrokke gesag of inheemse gemeenskap;
(b) die inheemse kulturele uitdrukkings of kennis aan die Kommissie openbaar gemaak is; en 25
(c) die aansoeker en die betrokke gesag of inheemse gemeenskap 'n voordeeldelingsooreenkoms aangegaan het.

(5) Indien 'n inheemse gemeenskap 'n gemeenskapsprotokol ingestel het, moet die interaksie met die inheemse gemeenskap in subartikel (4) beoog, sodanige gemeenskapsprotokol in ag neem. 30

Nasionale Databasis

28C. (1) Databasisse vir inheemse kennis moet op die voorgeskrewe wyse as deel van bestaande intellektuele eiendomsregisters by die kantore van die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle, waar van toepassing, gehou word. 35

(2) Die databasisse in subartikel (1) beoog maak onderafdelings uit van bestaande intellektuele eiendomsregisters en moet aparte afdelings insluit vir die opteken van inligting oor verskillende manifestasies van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis soos beoog in subartikel (3). 40

(3) Alle inligting aan die registrateur voorgelê in verband met manifestasies van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis, moet op die voorgeskrewe wyse in gepaste afdelings in die databasisse opgeteken word.

(4) Registrasie ten opsigte van 'n tradisionele werk is vir die doeleindes van boekstaving van eienaarskap en identifikasie van verteenwoordiging binne 'n inheemse gemeenskap. 45

(5) Die databasisse kan in 'n elektroniese formaat gehou word, en moet oop wees vir inspeksie deur die publiek tydens kantoorure by betaling van die voorgeskrewe geld.

(6) Die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle kan versoek dat 'n betrokke persoon hulle voorsien van sodanige inligting of raad wat hulle mag benodig ten einde 'n versoek om aantekening soos in subartikel (7) beoog te oorweeg of om die databasisse te onderhou. 50

(7) Enige—
(a) persoon wat 'n outeur is;
(b) persoon gemagtig om namens 'n outeur op te tree; of 55
(c) persoon op die voorgeskrewe wyse aangestel deur die Minister om namens 'n inheemse gemeenskap op te tree wat nie meer bestaan nie,

may, for the purposes of recordal, submit to the registrars of patents, copyright, trade marks and designs a request together with the appropriate information as prescribed, for a manifestation of indigenous cultural expressions or knowledge to be recorded in the relevant database.

(8) If the applicant for registration is an existing indigenous community, the request referred to in subsection (7) shall include a community protocol setting out relevant information about the indigenous community including—

- (a) identification of the indigenous community and its acknowledged structure;
- (b) full details of the appointed representative of the indigenous community in whose name the copyright must be registered;
- (c) if the representative is a juristic person, full details of registration of such juristic person;
- (d) the indigenous work that is being recorded and the justification for the indigenous community claiming rights to it;
- (e) whether such indigenous work is sacred, or should for any other reason, which must be provided, be kept confidential; and
- (f) a written undertaking by the representative of the indigenous community to the effect that he or she will hold the copyright on behalf of the indigenous community.

(9) The Council shall assist the indigenous community to ensure that the community protocol corresponds with the structure of the indigenous community.

(10) The community protocol must be kept with the recordal of the indigenous work.

(11) If the registrars of patents, copyright, trade marks and designs are satisfied that a request for recording meets with the prescribed requirements for recording, he or she shall accept the request and, within the prescribed period, cause the request to be published in the prescribed manner.

(12) Any person may, within three months from the date of publication of the request contemplated in subsection (11), or such further period as the registrars of patents, copyright, trade marks and designs may upon application allow, oppose the recording by lodging with the registrars of patents, copyright, trade marks and designs a notice of opposition setting out the grounds on which he or she relies to support the opposition.

(13) An opposition contemplated in subsection (12) shall be dealt with in the manner prescribed, and at the conclusion thereof the registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall decide either to—

- (a) refuse the recording of the information concerned;
- (b) record the information; or
- (c) record the information subject to certain conditions.

(14) A recording as contemplated in this section shall serve as *prima facie* proof of the existence of the manifestation of indigenous cultural expressions or knowledge and the veracity of the information recorded, but shall not give rise to any rights other than expressly provided in this Act or in the Performers' Protection Act, 1967 (Act No. 11 of 1967), the Trade Marks Act, 1993 (Act No. 194 of 1993), or the Designs Act, 1993 (Act No. 195 of 1993).

(15) The Commission may determine which information recorded in the databases must be treated confidentially: Provided that if the community protocol indicates that the information is sacred or must be kept in confidence, the Commission must treat the information confidentially.

(16) Any person contemplated in subsection (7), or a third party who has an interest in a traditional work may submit to the registrars of patents, copyright, trade marks and designs a request together with the appropriate information as prescribed, for the amendment or removal of a traditional work in the database.

kan, vir die doeleindes van boekstaving, 'n versoek voorlê vergesel van die gepaste inligting soos voorgeskryf, dat 'n manifestasie van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis in die toepaslike databasis opgeteken word, aan die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle.

(8) Indien die aansoeker om registrasie 'n bestaande inheemse gemeenskap is, moet die versoek in subartikel (7) bedoel 'n gemeenskapsprotokol insluit wat toepaslike inligting uiteensit oor die inheemse gemeenskap, met inbegrip van—

- (a) identifikasie van die inheemse gemeenskap en sy erkende struktuur;
- (b) volle besonderhede van die aangestelde verteenwoordiger van die inheemse gemeenskap in wie se naam die outeursreg geregistreer moet word;
- (c) indien die verteenwoordiger 'n regspersoon is, volle besonderhede van registrasie van sodanige regspersoon;
- (d) die inheemse werk wat opgeteken word en die regverdiging van die gemeenskap se aanspraak op regte daarop;
- (e) of sodanige inheemse werk gewyd is, of om enige ander rede, wat voorgelê moet word, vertroulik gehou moet word; en
- (f) 'n geskrewe onderneming deur die verteenwoordiger van die inheemse gemeenskap dat hy of sy die outeursreg namens die inheemse gemeenskap sal hou.

(9) Die Raad moet die inheemse gemeenskap bystaan om te verseker dat die gemeenskapsprotokol ooreenstem met die struktuur van die inheemse gemeenskap.

(10) Die gemeenskapsprotokol moet saam met die boekstaving van die inheemse werk gehou word.

(11) Indien die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle tevrede is dat 'n versoek om aantekening aan die voorgeskrewe vereistes vir aantekening voldoen, moet hy of sy die versoek aanvaar, en die versoek in die voorgeskrewe tydperk op die voorgeskrewe wyse laat publiseer.

(12) 'n Persoon kan, binne drie maande vanaf die datum van publikasie van die versoek in subartikel (11) beoog, of sodanige verdere tydperk soos wat die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle by aansoek kan toelaat, die optekening teenstaan deur 'n kennisgewing van verset by die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle in te dien waarin die gronde waarop hy of sy staatmaak om die verset te ondersteun, uiteengesit word, in te dien wat sy of haar gronde vir die verset uiteensit.

(13) 'n Verset in subartikel (12) beoog sal op die voorgeskrewe wyse hanteer word, en met die afhandeling daarvan moet die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle besluit om—

- (a) die aantekening van die betrokke inligting te weier;
- (b) die inligting aan te teken; of
- (c) die inligting op te teken behoudens sekere voorwaardes.

(14) 'n Optekening in hierdie artikel beoog dien as *prima facie* bewys van die bestaan van die manifestasie van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis en die juistheid van die aangetekende inligting, maar gee nie aanleiding tot enige regte behalwe uitdruklik bepaal in hierdie Wet of in die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967 (Wet No. 11 van 1967), die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993), of die Wet op Modelle, 1993 (Wet No. 195 van 1993), nie.

(15) Die Kommissie kan bepaal watter inligting wat in die databasisse aangeteken is, as vertroulik hanteer moet word: Met dien verstande dat indien die gemeenskapsprotokol aandui dat die inligting gewyd is of vertroulik gehou moet word, die Kommissie die inligting vertroulik moet hanteer.

(16) 'n Persoon in subartikel (7) beoog, of 'n derde party wat 'n belang in 'n tradisionele werk het, kan 'n versoek tesame met die gepaste inligting soos voorgeskryf by die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle indien om 'n tradisionele werk in die databasis te laat wysig of te verwyder.

- (17) Upon receipt of a request to amend or remove any indigenous cultural expressions or knowledge recorded in a database, the registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall—
- (a) where the request did not originate from the owner or proprietor of the indigenous cultural expressions or knowledge—
 - (i) notify said owner or proprietor of the request;
 - (ii) require a written response from said owner or proprietor to be submitted to the registrars of patents, copyright, trade marks and designs within a stipulated time frame;
 - (iii) upon receipt of the written response from the said owner or proprietor, refer the matter for dispute resolution as set out in section 28K; and
 - (iv) implement the decision of the dispute resolution institution referred to in section 28K; or
 - (b) where the request originated from the owner or proprietor of the indigenous cultural expressions or knowledge—
 - (i) consider the request as set out in subsection (16); and
 - (ii) consider any opposition received as set out in subsection (12).
- (18) The Minister may, in consultation with the Minister of Finance, prescribe the tariff of fees payable for access by any person to the databases.

Ownership of copyright

- 28D.** (1) For the purposes of this Act, an indigenous community is deemed to be a juristic person.
- (2) Subject to the provisions of this section as well as section 21, the ownership of any copyright conferred by sections 3 and 28B on any traditional work shall vest in the author.
- (3) The ownership of any copyright conferred by sections 3 and 28B, shall vest in the National Trust established by section 28I, to be administered for the benefit of the relevant indigenous communities, in the manner prescribed in section 28I, if—
- (a) the author cannot be determined;
 - (b) the author is an indigenous community which is no longer in existence; or
 - (c) the authorship cannot be shared between more than one indigenous community claiming authorship, for whatever reason.

Nature of copyright in traditional works

- 28E.** (1) Copyright in a traditional work vests the exclusive right to do or to authorise the doing of any of the following acts in the Republic:
- (a) Reproducing the traditional work in any manner or form;
 - (b) reproducing the cinematograph film in which the traditional work is included in any manner or form, including making a still photograph thereof;
 - (c) publishing the traditional work if it was hitherto unpublished;
 - (d) in the case of a traditional work of a literary or musical nature, performing the traditional work in public and broadcasting the work or causing a communication to the public of the work, by wire or wireless means, including the making available to the public of the work in such a way that members of the public may access the work from a place and at a time individually chosen by them;
 - (e) in the case of a traditional work of a musical or artistic nature, or a traditional work of a literary nature in the form of a dramatic work, to include the traditional work in a cinematograph film, television broadcast or a sound recording;
 - (f) broadcasting the traditional work, or the cinematograph film or sound recording in which the traditional work is included;
 - (g) causing the cinematograph film in which the traditional work is included, in so far as it consists of images, to be seen in public, or, in

- (17) By ontvangs van 'n versoek om enige inheemse kulturele uitdrukkings of kennis in 'n databasis aangeteken te wysig of te verwyder, moet die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle—
- (a) waar die versoek nie van die eienaar van die inheemse kulturele uitdrukkings of kennis gekom het nie—
 - (i) die genoemde eienaar inlig van die versoek;
 - (ii) vereis dat 'n geskrewe antwoord van die genoemde eienaar binne 'n bepaalde tydperk aan die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en ontwerpe voorgelê word;
 - (iii) by ontvangs van die geskrewe antwoord van die genoemde eienaar, die aangeleentheid verwys vir geskilbeslegting soos in artikel 28K uiteengesit; en
 - (iv) die besluit van die geskilbeslegtingsinstelling in artikel 28K bedoel, toepas;
 - (b) waar die versoek van die eienaar van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis gekom het—
 - (i) die versoek oorweeg soos in subartikel (12) uiteengesit; en
 - (ii) enige verset soos in subartikel (13) uiteengesit, oorweeg.
- (18) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, die tarief van gelde voorskryf wat betaalbaar is vir toegang deur enige persoon tot die databasisse.

Eienaarskap van outeursreg

- 28D.** (1) By die toepassing van hierdie Wet word 'n inheemse gemeenskap geag 'n regs persoon te wees.
- (2) Behoudens die bepalinge van hierdie artikel asook artikel 21, vestig die eienaarskap van enige outeursreg deur artikels 3 en 28B aan enige tradisionele werk verleen, in die outeur.
- (3) Die eienaarskap van enige outeursreg wat deur artikels 3 en 28B verleen is, vestig in die Nasionale Trust wat deur artikel 28I ingestel is om tot voordeel van alle betrokke inheemse gemeenskappe, soos voorgeskryf in artikel 28I, geadministreer te word indien—
- (a) daar nie vasgestel kan word wie die outeur is nie;
 - (b) die outeur 'n inheemse gemeenskap is wat nie meer bestaan nie; of
 - (c) die outeurskap nie, om watter rede ook al, tussen meer as een inheemse gemeenskap gedeel kan word nie.

Aard van kopiereg in tradisionele werke

- 28E.** (1) Outeursreg in 'n tradisionele werk verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig:
- (a) Reproduksie van die tradisionele werk op enige wyse of in enige vorm;
 - (b) reproduksie van die rolprent waarin die tradisionele werk ingesluit is op enige wyse of in enige vorm, ook om 'n stilfoto daarvan te maak;
 - (c) publikasie van die tradisionele werk indien dit tot nog toe ongepubliseer was;
 - (d) in die geval van 'n tradisionele werk van 'n letterkundige of musikale aard, uitvoering van die tradisionele werk in die openbaar en uitsaai van die werk, of om die werk aan die publiek te laat oordra, per draad of draadlose wyse, ook om die werk aan die publiek beskikbaar te stel op so 'n wyse dat lede van die publiek op 'n tyd en plek wat hulle self kies toegang tot die werk kan verkry;
 - (e) in die geval van 'n tradisionele werk van 'n musikale of kunstige aard, of 'n tradisionele werk van 'n letterkundige aard in die vorm van 'n dramatiese werk, om die tradisionele werk in 'n rolprent, televisie-uitsending of 'n klankopname in te sluit;
 - (f) uitsaai van die tradisionele werk, die rolprent of klankopname waarin die tradisionele werk ingesluit is;
 - (g) die rolprent waarin die tradisionele werk ingesluit is, vir sover dit uit beelde bestaan, in die openbaar te laat sien, of, vir sover dit uit klanke

- so far as it consists of sounds, to be heard in public, or causing a communication to the public of the said cinematograph film, by wire or wireless means, including the making available to the public of the said cinematograph film in such a way that members of the public may access the said cinematograph film from a place and at a time individually chosen by them; 5
- (h) communicating the sound recording in which the traditional work is included to the public;
- (i) letting, or offering or exposing for hire by way of trade, directly or indirectly, a copy of the cinematograph film or a reproduction of the sound recording in which the traditional work is included; 10
- (j) causing the traditional work, or a television or other programme which incorporates the traditional work, to be transmitted in a diffusion service, unless such service transmits a lawful television broadcast including the traditional work and is operated by the original broadcaster; 15
- (k) making, directly or indirectly, a record embodying the sound recording in which the traditional work is included;
- (l) making an adaptation of the traditional work; and
- (m) doing in relation to an adaptation of the traditional work, any of the acts specified in paragraphs (a) to (l). 20
- (2) The exclusive right vested under subsection (1) shall be exercised subject to any rights in respect of the traditional work acquired by any person prior to the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013. 25

Term of protection

- 28F.** (1) The term of copyright conferred on traditional works by this Act shall be, in the case of—
- (a) a derivative indigenous work referred to in section 28B(3)(a), 50 years from the end of the year in which— 30
- (i) the work was first communicated to the public with the consent of the author or authors; or
- (ii) the date of the death of the author or all authors concerned, whichever term expires last; and
- (b) an indigenous work referred to in section 28B(3)(b), in perpetuity. 35
- (2) Notwithstanding section 5, copyright in an indigenous work that vests in the State as a result of the provisions of this Act shall be perpetual in nature.

General exceptions regarding protection of traditional works

- 28G.** (1) Sections 12 to 19B shall, with the necessary changes required by the context, apply to a traditional work, in so far as they can be applied to the specific traditional work. 40
- (2) The copyright in a traditional work shall not be infringed by a person if that person—
- (a) has acquired rights in respect of that work by doing any of the acts referred to in section 28E prior to the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013; and 45
- (b) continues to perform such act, and save for the obligations contemplated in subsections (3) and (5), such person shall continue to hold his or her copyright in the manner he or she has done prior to the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013. 50
- (3) Any person who has acquired rights as contemplated in subsection (2), must comply with section 28B(4)(b) and (c), within 12 months after the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013: 55
- Provided that the rights of the indigenous community to royalties or benefits or both such royalties and benefits shall come into existence on the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013.

- bestaan, in die openbaar te laat hoor, of die genoemde rolprent aan die publiek te laat oordra, per draad of draadlose middele, ook om die genoemde rolprent op so 'n wyse beskikbaar te stel dat lede van die publiek op 'n plek en tyd van hul individuele keuse toegang tot die genoemde rolprent kan kry; 5
- (h) die klankopname waarin die tradisionele werk ingesluit is aan die publiek oor te dra;
- (i) 'n kopie van die rolprent of 'n reproduksie van die klankopname waarin die tradisionele werk ingesluit is verhuur, of aanbied of uitstal vir verhuring by wyse van handel, regstreeks of onregstreeks; 10
- (j) die tradisionele werk, of 'n televisie of ander program wat die tradisionele werk inkorporeer, laat oorsend in 'n verspreidingsdiens, tensy sodanige diens 'n wettige televisie-uitsending oorsend, wat van die tradisionele werk insluit en deur die oorspronklike uitsender bedryf word; 15
- (k) 'n televisie of ander program vervaardig, regstreeks of onregstreeks, waarin die klankopname vervat is waarin die tradisionele werk ingesluit is;
- (l) 'n aanwending van die tradisionele werk vervaardig; en
- (m) in verband met 'n aanwending van die tradisionele werk, enige van die handelinge in paragrawe (a) tot en met (l) vermeld, verrig. 20
- (2) Die eksklusiewe reg kragtens subartikel (1) gevestig, word uitgeoefen behoudens enige regte ten opsigte van die tradisionele werk wat 'n persoon verkry het voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013. 25

Termyn van beskerming

28F. (1) Die termyn van outeursreg wat deur hierdie Wet aan tradisionele werke verleen word, is in die geval van—

- (a) 'n afgeleide inheemse werk in artikel 28B(3)(a) bedoel, 50 jaar vanaf die einde van die jaar waarin— 30
- (i) die werk die eerste keer met die instemming van die outeurs aan die publiek oorgedra is; of
- (ii) die datum van die dood van die outeur of alle betrokke outeurs, welke termyn ook al laaste verstryk; en
- (b) 'n tradisionele werk in artikel 28B(3)(b) bedoel, onbepaald. 35
- (2) Ondanks artikel 5, is outeursreg in 'n inheemse werk wat in die Staat vestig as gevolg van die bepalings van hierdie Wet, onbepaald van aard.

Algemene uitsonderings betreffende beskerming van tradisionele werke

28G. (1) Artikels 12 tot 19B is, met die nodige veranderinge deur die samehang vereis, van toepassing op inheemse werke, vir sover dit op die bepaalde inheemse werk toegepas kan word. 40

(2) Die outeursreg in 'n tradisionele werk word nie geskend deur 'n persoon nie indien daardie persoon—

- (a) regte bekom het ten opsigte van daardie werk deur enige van die handelinge in artikel 28E bedoel te verrig voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013; en 45
- (b) voortgaan om sodanige handeling te verrig, en buiten vir die verpligtinge in subartikels (3) en (5) beoog, behou sodanige persoon sy of haar outeursreg soos voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013. 50

(3) 'n Persoon wat regte soos in subartikel (2) beoog verkry het voor hierdie Wet in werking getree het, moet binne 12 maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2011, aan artikel 28B(4)(b) en (c) voldoen: Met dien verstande dat die regte van die inheemse gemeenskap op tantième of voordele of beide sodanige tantième en voordele begin bestaan by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013. 55

(4) Any person who intends to acquire rights pertaining to doing any of the acts referred to in section 28E in respect of an indigenous work after the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, must comply with section 28B(4).

(5) If any commercial benefit is derived from acts contemplated in subsections (2) or (4) the person who derived such benefit shall pay a royalty, or a benefit, or both such royalty and benefit, to the author as set out in section 28H(3).

(6) Any person deriving commercial benefit from the use of a traditional work, the value of which is less than the prescribed value shall be excluded from the requirements of sections 28B(4), 28C and 28H.

(7) A traditional work may be used without obtaining prior consent of the copyright owner, if it is for the purpose of—

- (a) private study or private use;
- (b) professional criticism or review;
- (c) reporting on current events;
- (d) education;
- (e) scientific research;
- (f) legal proceedings; or
- (g) the making of recordings and other reproductions of indigenous cultural expressions or knowledge for purposes of their inclusion in an archive, inventory, dissemination for non-commercial cultural heritage safeguarding purposes and incidental uses:

Provided that only such excerpts or portions as is reasonably required are used and that the copyright owner's name is acknowledged.

Royalties and benefits

28H. (1) The content of sections 6, 7, 8 and 9 shall with the necessary changes required by the context, apply to traditional works, in so far as they can be applied to the specific traditional work.

(2) In the absence of an agreement to the contrary, no person may—

- (a) broadcast, cause the transmission of or play a sound recording as contemplated in section 9(c), (d) or (e); or
- (b) show, broadcast or cause the transmission of a cinematograph film recording a traditional work, or include a traditional work in a cinematograph film or a television broadcast as contemplated in section 28E(1),

without payment of a royalty, a benefit, or both such royalty and benefit, to the owner of the relevant copyright.

(3) The amount of any royalty, benefit, or both such royalty and benefit due for the use of traditional work shall be determined by —

- (a) an agreement between the user of the traditional work and the owner of the copyright in such work, or between their representative collecting societies; or
- (b) in the absence of an agreement as contemplated in subsection (a) being reached, the amount or value of the royalty, benefit, or both such royalty and benefit, shall be determined by—
 - (i) an institution accredited by the Commission as contemplated in section 28K(1);
 - (ii) the Copyright Tribunal referred to in section 29(1); or
 - (iii) arbitration in terms of the Arbitration Act, 1965 (Act No. 42 of 1965);

Provided that if the persons referred to in paragraph (a) cannot agree on which referral to follow in terms of this subsection within a reasonable period, any of the persons may refer these disputes for resolution in terms of section 28K.

(4) Agreements concluded in terms of sections 28G(3), 28G(4) and subsection (3)(a) must be submitted to the Council, who shall—

(4) 'n Persoon wat regte in verband met die verrigting van enige van die handelinge in artikel 28E van hierdie Wet bedoel wil verkry na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, moet aan artikel 28B(4) voldoen.

(5) Indien enige kommersiële voordeel uit enige handeling in subartikels (2) of (4) beoog verkry word, moet die persoon wat sodanige voordeel getrek het 'n tantième, of 'n voordeel, of beide sodanige tantième en voordeel, aan die outeur soos in artikel 28H(3) uiteengesit, betaal.

(6) 'n Persoon wat kommersiële voordeel uit die gebruik van 'n tradisionele werk trek, welke waarde minder is as die voorgeskrewe waarde, word uitgesluit van die vereistes van artikels 28B(4), 28C en 28H.

(7) 'n Tradisionele werk kan gebruik word sonder om vooraf toestemming van die eienaar van die outeursregte verkry, indien dit is vir die doel van—

- (a) privaatstudie of private gebruik;
- (b) professionele kritiek of resensie;
- (c) verslagdoening oor sake van die dag;
- (d) onderwys;
- (e) wetenskaplike navorsing;
- (f) regsverrigtinge; of
- (g) die maak van opnames en ander reproduksies van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis vir doeleindes van insluiting daarvan in 'n argief, inventaris, verspreiding vir niekommersiële kulturele erfenisbewaringsdoeleindes en insidentele gebruike:

Met dien verstande dat slegs die uittreksels of gedeelte wat redelikerwys nodig is gebruik word en dat die eienaar van die outeursreg se naam erken word.

Tantième en voordele

28H. (1) Die inhoud van artikels 6, 7, 8 en 9 is, met die nodige veranderinge deur die samehang vereis, van toepassing op tradisionele werke, vir sover dit op die bepaalde tradisionele werk toegepas kan word.

(2) By ontstentenis aan 'n ooreenkoms tot die teendeel, kan geen persoon—

- (a) 'n klankopname laat oorsend of speel soos in artikel (9)(c), (d) of (e) beoog; of
- (b) 'n rolprent vertoon, uitsaai of laat oordra wat 'n tradisionele werk opneem, of 'n tradisionele werk insluit in 'n rolprent of televisie-uitsending soos in artikel 28E(1) beoog,

sonder om 'n tantième, 'n voordeel, of beide sodanige tantième en voordeel, aan die eienaar van die betrokke outeursreg te betaal nie.

(3) Die bedrag van enige tantième, voordeel, of beide sodanige tantième en voordeel, betaalbaar vir die gebruik van tradisionele werke word bepaal deur—

- (a) 'n ooreenkoms tussen die gebruiker van die tradisionele werk en die eienaar van die outeursreg in sodanige werk, of tussen die verteenwoordigende insamelingsverenigings; of
- (b) by ontstentenis aan 'n ooreenkoms soos beoog in subartikel (a), die bedrag of waarde van die tantième, voordeel, of beide sodanige tantième en voordeel—
 - (i) 'n instelling wat deur die Kommissie geakkrediteer is soos beoog in artikel 28K(1);
 - (ii) die Outeursreghof in artikel 29(1) bedoel; of
 - (iii) arbitrasie ingevolge die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet No. 42 van 1965);

Met dien verstande dat indien die persone in subartikel (3)(a) bedoel nie kan ooreenkom oor watter verwysing om ingevolge hierdie subartikel binne 'n redelike tydperk te volg nie, enige van die persone daardie geskille kan verwys vir beregting ingevolge artikel 28K.

(4) Ooreenkomste ingevolge artikels 28G(3), 28G(4) en subartikel (3)(a) aangegaan moet aan die Raad voorgelê word en die Raad moet—

- (a) scrutinise the agreement for compliance with intellectual property laws, the community protocol and this Act; and
 - (b) where any clause within the contract is regarded as not being to the benefit of the indigenous community or member of the indigenous community concerned, require renegotiation of said clause and provide the necessary advice. 5
- (5) The owner of copyright in a derivative indigenous work shall pay a royalty, a benefit, or both such royalty and benefit, agreed to as set out in this section, to the owner of the copyright in the indigenous work from which the derivative indigenous work was derived. 10

National Trust and Fund for Indigenous Knowledge

- 28I.** (1) There is hereby established a National Trust to be known as the National Trust for Indigenous Knowledge, and the Minister shall appoint not more than five persons as trustees for the National Trust.
- (2) The National Trust shall be responsible for the promotion and preservation of indigenous cultural expressions and knowledge, including, but not limited to— 15
- (a) the commercialisation and exploitation of indigenous cultural expressions or knowledge for the purpose of generating income;
 - (b) facilitating the development of indigenous communities with respect to training on, and awareness of, their intellectual property and associated rights; and 20
 - (c) assisting indigenous communities in the application of this Act and other legislation dealing with indigenous cultural expressions or knowledge. 25
- (3) The National Trust shall establish a Fund to be known as the National Trust Fund for Indigenous Knowledge.
- (4) The trustees of the National Trust shall administer the Fund in the prescribed manner and may invest monies received from the commercialisation of indigenous cultural expressions or knowledge or otherwise, pending the distribution thereof— 30
- (a) on a call or short-term fixed deposit with any registered bank or financial institution in the Republic; or
 - (b) in an investment account with the Corporation for Public Deposits established in terms of section 2 of the Corporation for Public Deposits Act, 1984 (Act No. 46 of 1984). 35
- (5) The Fund may be subdivided, in whole or in part, into separate sub-funds which may be administered on behalf of and at the request of the National Trust by the registrars of patents, copyright, trade marks and designs, respectively. 40
- (6) All income derived by the National Trust from the use of indigenous cultural expressions or knowledge, including all royalties and benefits payable as provided for in—
- (a) this Act;
 - (b) the Performers' Protection Act, 1967 (Act No. 11 of 1967); 45
 - (c) the Patents Act, 1978 (Act No. 57 of 1978);
 - (d) the Trade Marks Act, 1993 (Act No. 194 of 1993); and
 - (e) the Designs Act, 1993 (Act No. 195 of 1993),
- shall be National Trust monies and shall be paid into the respective sub-funds, to be applied for the benefit of indigenous communities: 50
- Provided that the Minister may prescribe—
- (i) administration fees;
 - (ii) fees relating to commercialisation, exploitation and training of indigenous communities;
 - (iii) the frequency and manner in which payments shall be made to indigenous communities; and 55
 - (iv) any other matter related to the administration of the income received by the Fund.
- (7) The Commission shall be responsible for the administration of the National Trust. 60

- (a) die ooreenkoms nagaan vir voldoening aan intellektuele eiendomsreg, die gemeenskapsprotokol en hierdie Wet; en
- (b) waar 'n klousule in die kontrak geag word nie tot voordeel van die betrokke inheemse gemeenskap of lid van die inheemse gemeenskap te wees nie, vereis dat die genoemde klousule heronderhandel word en die nodige advies voorsien. 5
- (5) Die eienaar van outeursreg in 'n afgeleide inheemse werk betaal 'n tantième, 'n voordeel, of beide sodanige tantième en voordeel, op ooreengekom soos in hierdie artikel uiteengesit, aan die eienaar van die outeursreg in die inheemse werk waarvan die afgeleide inheemse werk afgelei is. 10

Nasionale Trust en Fonds vir Inheemse Kennis

- 281.** (1) 'n Nasionale Trust word hierby ingestel wat bekend staan as die Nasionale Trust vir Inheemse Kennis, en die Minister stel hoogstens vyf persone as trustees vir die trust aan. 15
- (2) Die Nasionale Trust is verantwoordelik vir die bevordering en bewaring van inheemse kulturele uitdrukkings en kennis, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot—
- (a) die kommersialisering en benutting van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis ten einde inkomste te genereer; 20
 - (b) die fasilitering van die ontwikkeling van inheemse gemeenskappe ten opsigte van opleiding oor en bewustheid van hul intellektuele eiendom en gepaardgaande regte; en
 - (c) die bystaan van inheemse gemeenskappe in die toepassing van hierdie Wet en ander wetgewing wat oor inheemse kulturele uitdrukkings of kennis handel. 25
- (3) Die Nasionale Trust moet 'n Fonds instel wat as die Nasionale Trustfonds vir Inheemse Kennis bekend sal staan.
- (4) Die trustees van die Nasionale Trust administreer die Fonds op die voorgeskrewe wyse en kan gelde wat van die kommersialisering van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis of andersins ontvang is, belê, hangende die verspreiding daarvan— 30
- (a) op 'n opvra of langtermyn vaste deposito by enige geregistreerde bank of finansiële instelling in die Republiek; of
 - (b) in 'n beleggingsrekening by die Korporasie vir Openbare Deposito's ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's, 1984 (Wet No. 46 van 1984). 35
- (5) Die Fonds kan as 'n geheel of gedeeltelik onderverdeel word in 'n aparte subfonds wat namens en op versoek van die Nasionale Trust deur die registrateurs van onderskeidelik patente, outeursreg, handelsmerke en modelle geadministreer kan word. 40
- (6) Alle inkomste wat die Nasionale Trust verkry uit die gebruik van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis, met inbegrip van alle tantième en voordele betaalbaar soos voorsien in—
- (a) hierdie Wet; 45
 - (b) die Wet op Beskerming van Voordraers, 1967 (Wet No. 11 van 1967);
 - (c) die Wet op Patente, 1978 (Wet No. 57 van 1978);
 - (d) die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993); en
 - (e) die Wet op Modelle, 1993 (Wet No. 195 van 1993),
- is die Nasionale Trust se gelde en word in die onderskeie subfondse inbetaal om tot voordeel van inheemse gemeenskappe gebruik te word: Met dien verstande dat die Minister voorskrifte kan uitreik oor— 50
- (i) administrasiegelde;
 - (ii) gelde ten opsigte van kommersialisering, benutting en opleiding van inheemse gemeenskappe; 55
 - (iii) die gereeldheid waarmee en die wyse waarop betalings aan inheemse gemeenskappe gedoen sal word; en
 - (iv) enige ander aangeleentheid betreffende die administrasie van die inkomste wat deur die Fonds ontvang is.
- (7) Die Kommissie is verantwoordelik vir die administrasie van die Nasionale Trust. 60

(8) Notwithstanding the provisions of this section, any indigenous community may establish a legal entity, business or other enterprise to promote or exploit indigenous cultural expressions or knowledge: Provided that any commercial benefit derived shall only be subject to royalties, benefits or licence fees once, which royalties, benefits or license fees may be paid to the Fund, if the Fund is the owner, by the indigenous community. 5

(9) Nothing in this Act, or in the Acts referred to in subsection (6) shall prohibit an indigenous community from requesting the National Trust to collect, manage and distribute royalties, benefits or license fees on its behalf against payment of a prescribed fee. 10

Assignment and licences

28J. (1) Save for—

(a) assignment of copyright to a collecting society; or
(b) the transfer to a duly appointed representative of the indigenous community, 15
the copyright in an indigenous work shall not be transmissible by assignment, testamentary disposition or operation of law, but the doing of any act which is the subject of the copyright as contemplated in section 28E may be licensed. 20

(2) Should the copyright referred to in subsection (1) vest in a representative of an indigenous community, whether a natural or juristic person, the indigenous community may— 20

(a) upon the death or liquidation of the said representative, as the case may be; or

(b) prior to the death or liquidation of the said representative, 25
by agreement as set out in the community protocol, transfer such copyright to a natural or juristic person, as the indigenous community may decide.

(3) Should the copyright referred to in subsection (1), vest in a representative of an indigenous community, such copyright shall automatically upon the death of the last living member of such indigenous community transfer to the National Trust. 30

Disputes

28K. (1) The Commission must accredit certain institutions which have the necessary capacity, to adjudicate any dispute arising from the application of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013. 35

(2) Any dispute arising from the application of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, must first be instituted in an institution accredited as contemplated in subsection (1).

(3) No person appearing in proceedings before an institution contemplated in subsection (1) shall have the right to legal representation unless — 40

(a) the adjudicator and all other parties consent; or

(b) the adjudicator, after considering—

(i) the nature of the questions of law raised by the dispute;

(ii) the relative complexity and importance of the dispute; and

(iii) the comparative ability of the parties to represent themselves in the adjudication, 45

concludes that it would be unreasonable to expect the party to deal with the adjudication without legal representation.

(4) Any adjudication must take into account existing customary dispute resolution mechanisms. 50

(5) The decision of the institution referred to in subsection (1) may be served, executed and enforced as if it was an order of the High Court.

(6) Any party to proceedings before an institution referred to in subsection (1) may appeal to a court of law against any decision of such institution, and the appeal must be noted and dealt with in the manner prescribed by law for appeals against a civil order or decision of a single judge. 55

(8) Ondanks die bepalings van hierdie artikel kan enige inheemse gemeenskap 'n regsentiteit, besigheid of ander bedryf instel om inheemse kulturele uitdrukkings of kennis te bevorder of te benut: Met dien verstande dat enige kommersiële voordeel slegs eenkeer onderhewig is aan tantième, voordele of lisensiegelde, welke tantième, voordele of lisensiegelde deur die inheemse gemeenskap as eienaar, of die gebruiker van die intellektuele eiendom, aan die Fonds betaal kan word, indien die Fonds die eienaar is.

(9) Niks in hierdie Wet, of in die Wette in subartikel (6) bedoel, verhoed 'n inheemse gemeenskap daarvan om die Nasionale Trust te vra om tantième, voordele of lisensiegelde namens hulle in te samel, te bestuur en te versprei teen die betaling van 'n voorgeskrewe tarief nie.

Sessie en lisensies

28J. (1) Behalwe vir—

- (a) sessie van outeursreg aan 'n insamelingsvereniging; of
- (b) oordrag aan 'n behoorlik aangestelde verteenwoordiger van die gemeenskap,
- is die outeursreg in 'n inheemse werk nie oordraagbaar deur sessie, testamentêre beskikking of wetswerking nie, maar die verrigting van enige handeling wat die onderwerp is van die outeursreg soos in artikel 28E bedoel, kan gelisensieer word.
- (2) Sou die outeursreg in subartikel (1) bedoel in 'n verteenwoordiger van 'n inheemse gemeenskap vestig, hetsy 'n natuurlike of regspersoon, kan die inheemse gemeenskap—
- (a) by die dood of likwidasië van die verteenwoordiger, na gelang van die geval; of
- (b) voor die dood of likwidasië van die genoemde verteenwoordiger, by ooreenkoms soos uiteengesit in die gemeenskapsprotokol, sodanige outeursreg oordra aan 'n natuurlike of regspersoon, soos die inheemse gemeenskap kan besluit.
- (3) Sou die outeursreg in subartikel (1) bedoel in 'n verteenwoordiger van 'n inheemse gemeenskap vestig, dra die outeursreg outomaties oor na die Nasionale Trust by die dood van die laaste oorlewende lid van sodanige inheemse gemeenskap.

Geskille

- 28K.** (1) Die Kommissie moet sekere instellings akkrediteer wat die nodige kapasiteit het om 'n geskil te bereg wat ontstaan uit die toepassing van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013.
- (2) 'n Geskil wat ontstaan uit die toepassing van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, moet eers in 'n instelling ingestel word wat soos in subartikel (1) beoog geakkrediteer is
- (3) Geen persoon wat in verrigtinge voor 'n instelling in subartikel (1) beoog verskyn, is geregtig op regsverteenvoording nie tensy—
- (a) die beregter en alle ander partye instem; of
- (b) die beregter, na oorweging van—
- (i) die aard van die regsvrae wat uit die geskil na vore kom;
- (ii) die relatiewe ingewikkeldheid en gewig van die geskil; en
- (iii) die betreklike vermoë van die partye om hulself in die beregting te verteenwoordig,
- tot die slotsom kom dat dit onredelik sal wees om van die party te verwag om die beregting sonder regsverteenvoording te hanteer.
- (4) Enige beregting moet bestaande gewoonte-geskilbeslegtings-meganismes in ag neem.
- (5) Die beslissing van die instelling in subartikel (1) bedoel, kan beteken, uitgevoer en toegepas word asof dit 'n bevel van die Hoë Hof is.
- (6) 'n Party in verrigtinge voor 'n instelling in subartikel (1) bedoel, kan by 'n geregshof appèl aanteken teen enige beslissing van sodanige instelling, en die appèl moet aangeteken en hanteer word op die wyse by wet voorgeskryf vir appèlle teen 'n siviele bevel of besluit van 'n enkele regter.

(7) The Minister shall prescribe the fees, processes and formalities relating to the institution and adjudication of a dispute.

National Council for Indigenous Knowledge

- 28L.** (1) The Minister shall establish a National Council for Indigenous Knowledge. 5
- (2) The Council shall consist of not less than 15 members, appointed by the Minister.
- (3) The Minister shall designate one of the members of the Council as the Chairperson of the Council.
- (4) Before appointing any person referred to in subsection (2), the Minister must— 10
- (a) by notice in the *Gazette*, and any other widely circulated means of communication call for nominees and state the criteria for such nominations;
 - (b) specify a period within which nominations must be submitted; and 15
 - (c) consider all nominations before making an appointment.
- (5) In appointing the members of the Council, the Minister may consult—
- (a) the Ministers responsible for— 20
 - (i) agriculture;
 - (ii) arts and culture;
 - (iii) environmental affairs;
 - (iv) health; and
 - (v) science and technology;
 - (b) organised local government; 25
 - (c) an association of traditional healers;
 - (d) the National House of Traditional Leaders;
 - (e) academia;
 - (f) the legal profession;
 - (g) organised commerce and industry; or 30
 - (h) any other relevant body or institution.
- (6) The Council shall—
- (a) be broadly representative of indigenous communities from different cultures within the Republic; and
 - (b) at all times have as members— 35
 - (i) at least two persons with expertise and extensive knowledge in, and patronage of, traditional cultures and values of indigenous communities;
 - (ii) at least two persons with expertise and extensive knowledge in, and patronage of, traditional artistic, literary, musical works and performing arts; and 40
 - (iii) at least two persons with expertise and extensive knowledge of the law.
- (7) The Council shall have at least seven meetings per year and a quorum shall consist of half of the appointed members, plus one. 45
- (8) The members of the Council are appointed on such terms and conditions, including remuneration, as may be determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.
- (9) A member of the Council shall hold office for a period of three years and may be reappointed, upon the expiry of that period, for a further period of three years. 50
- (10) For the sake of continuity, succession planning must include reappointment of members in such a manner that subsections (6) and (9) are always adhered to.
- (11) The Minister may, subject to the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000), remove a member of the Council for— 55
- (a) non-performance;
 - (b) serious misconduct; or
 - (c) conduct that undermines the integrity or objectives of the Council. 60
- (12) Subject to the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000), the Minister may dissolve the Council—

(7) Die Minister skryf die gelde, prosesse en formaliteite voor in verband met die instelling en beregting van 'n geskil.

Nasionale Raad vir Inheemse Kennis

- 28L.** (1) Die Minister moet 'n Nasionale Raad vir Inheemse Kennis instel. 5
- (2) Die Raad bestaan uit minstens 15 lede, deur die Minister aangestel.
- (3) Die Minister wys een van die lede van die Raad aan as die Voorsitter van die Raad.
- (4) Voordat die Minister 'n persoon in subartikel (2) bedoel aanstel, moet die Minister— 10
- (a) by kennisgewing in die *Staatskoerant*, en enige kommunikasiemiddel wat wyd gesirkuleer word, benoemings aanvra en die maatstawwe vir sodanige benoemings stel;
- (b) 'n tydperk spesifiseer waarin benoemings voorgelê moet word; en
- (c) alle benoemings oorweeg voordat 'n aanstelling gemaak word. 15
- (5) By aanstelling van die lede van die Raad kan die Minister oorleg pleeg met—
- (a) die Ministers verantwoordelik vir— 20
- (i) landbou;
- (ii) kuns en kultuur;
- (iii) omgewingsake;
- (iv) gesondheid; en
- (v) wetenskap en tegnologie;
- (b) georganiseerde plaaslike regering;
- (c) 'n vereniging van tradisionele genesers; 25
- (d) die Nasionale Raad van Tradisionele Leiers;
- (e) akademia;
- (f) die regsprofessie;
- (g) georganiseerde handel en nywerheid; of
- (h) enige ander toepaslike liggaam of instelling. 30
- (6) Die Raad moet—
- (a) in die breë verteenwoordigend wees van inheemse gemeenskappe van verskillende kulture binne die Republiek; en
- (b) te alle tye as lede hê— 35
- (i) ten minste twee persone met kundigheid en uitgebreide kennis oor, en beskerming van, tradisionele kulture en waardes van inheemse gemeenskappe;
- (ii) ten minste twee persone met kundigheid en uitgebreide kennis van, en beskerming van, tradisionele kuns-, letterkundige en musiekwerke en uitvoerende kunste; en 40
- (iii) ten minste twee persone met kundigheid en uitgebreide regskennis.
- (7) Die Raad vergader ten minste sewe keer per jaar, en die helfte van die aangestelde lede plus een vorm 'n kworum.
- (8) Die lede van die Raad word op sodanige terme en bedinge, met inbegrip van besoldiging, aangestel soos wat deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal mag word. 45
- (9) 'n Lid van die Raad bekleed die amp vir 'n tydperk van drie jaar en kan heraanstelling word, by die verstryking van daardie tydperk, vir 'n verdere tydperk van drie jaar. 50
- (10) Ter wille van kontinuïteit moet opvolgingsbeplanning heraanstelling van lede op so 'n wyse insluit dat aan subartikels (6) en (9) voldoen word.
- (11) Die Minister kan, behoudens die 'Promotion of Administrative Justice Act, 2000' (Wet No. 3 van 2000), 'n lid van die Raad verwyder vir— 55
- (a) nieprestasie;
- (b) ernstige wangedrag; of
- (c) optrede wat die integriteit of oogmerke van die Raad ondermyn.
- (12) Behoudens die 'Promotion of Administrative Justice Act, 2000' (Wet No. 3 van 2000), kan die Minister die Raad ontbind— 60

- (a) if the Council fails to perform its functions in an effective and efficient manner; and
- (b) on the grounds of mismanagement.

(13) When the Minister dissolves the Council in terms of subsection (12), the Minister may appoint an interim body for the continued governance and control of the affairs of the Council, on such conditions as the Minister may determine.

(14) The body contemplated in subsection (13) must be appointed for a period not exceeding six months or until the new Council is appointed in terms of subsection (2), whichever is the lesser.

(15) The Commission shall be responsible for the administration of the Council, and its subcommittees.

Functions of Council

28M. (1) The Council shall—

- (a) advise the Minister on any matter concerning indigenous cultural expressions or knowledge;
- (b) advise the registrars of patents, copyright, trade marks, and designs on any matter relating to the registration of indigenous cultural expressions or knowledge;
- (c) advise the Minister on matters relating to performances of traditional work;
- (d) advise on the integrity of a database of intellectual property in relation to indigenous cultural expressions or knowledge;
- (e) perform such further functions as provided for in the—
 - (i) Patents Act, 1978 (Act No. 57 of 1978);
 - (ii) Trade Marks Act, 1993 (Act No. 194 of 1993);
 - (iii) Designs Act, 1993 (Act No. 195 of 1993); and
 - (iv) Performers' Protection Act, 1967 (Act No. 11 of 1967);
- (f) refer any dispute received, to an institution contemplated in section 28K(1); and
- (g) carry out such tasks as assigned to it from time to time by the Minister.

(2) The Council may—

- (a) appoint any person to assist the Council with the performance of any specific act, task or assignment, or to investigate any matter relating to its functions;
- (b) constitute and maintain such committees as it may deem necessary;
- (c) appoint as members of the committees any of its members and any other persons, for such periods of time as the Council may determine; and
- (d) refer to such committees any tasks or matters as may be necessary to enable the Council to carry out its functions.

(3) The Minister may, in consultation with the Minister of Finance, prescribe the tariff of fees payable for—

